KRUGER EN ANTOINETTE
se
HEFSIBA NUUSBRIEF
Februarie 2009

WELKOM IN DIE BESKAWING EN IN GAUTENG!

Verlede week gekuier by my seun-hulle in Roodepoort. Een aand word ons ru uit ons drome geruk met rowers wat by ons kamervenster wil inbreek. Jan-Louw, druk die "panic" knoppie en die alarm gaan oorverdowend af. Twee voornemende inbrekers vlug ore in die nek oor die buitwerkinggestelde geëlektrifiseerde heining toe die sekuriteitsdienste opdaag. Welkom in Gauteng, Kruger en Antoinette!

Ja, ons geniet dit nog hier in die beskawing, veral in die goeie ou Vrystaat by ons hysie in Parys. Verlang net al baie na die sendingveld… Veral verlede week toe ons bakkie se koppelaar in die spitsverkeer die gees gee en twee dae daarna, tussen Potch en Parys, toe die "top gasket" blaas en ons ingesleep moes word …ja, toe het al die gesukkel met 'n voertuig my laat terugverlang!

Ons is in die proses om 'n goeie tweedehandse voertuig in Maputo te koop – dankie ook vir julle voorbidding daarvoor…

HEFSIBA BEGIN

Die akademiese Jaar van HEFSIBA het pas begin. Ons nuwe dosent, ds Tomé Chipese, begin met sy nuwe loopbaan. Petria Theron begin as voltydse dosent en as eerste Direkteur van ons Buitemuurse Fakulteit in Geestelike Berading. Marie Smit begin Engels aanbied vir ons studente tot in hul vierde jaar.

Ons Direkteur, ds Manassa, het pas verneem dat hy sy Meestersgraad in Teologie aan die Universiteit van Stellenbosch geslaag het - 'n eerste vir 'n oud-student van HEFSIBA. Ons nuwe tesourier van die Reformed Church in Zimbabwe, begin sy loopbaan by ons en ds Nobre verskuif vanaf tesourier tot voltydse dosent en Akademiese Direkteur, terwyl hy sy tweede jaar ingaan met sy Honneursstudies in Teologie. Nuwe poste begin vanjaar funksioneer soos Ds Aaron Muswubi wat vanjaar begin as Fakulteitshoof van die Teologiese Fakulteit Ja, 'n opwindende en uitdagende jaar lê voor vir HEFSIBA, sy dosente en studente. Ons benodig julle gebede!

FINANSIES SO VROEG IN DIE NUWE JAAR

- BEURSE

Ons begin die Finansiële jaar heel goed – gemeentes en individue betaal sommer vroeg-vroeg hulle bydraes tot beurse en ons fondse in en Hefsiba se finansiële situasie lyk op hierdie stadium heel rooskleurig. Dankie aan almal wat vroeg wakkergeskrik het! Ons is natuurlik baie bekommerd oor die ruilkoers tussen die Rand en die Metical. Verlede jaar het ons op ‘n stadium tot 3.7 Metical kon koop vir ‘n Rand en nou kan ons net 2.4.Metical koop! Dit beteken ons moet sowat 30% – 40% meer geld vanaf Suid-Afrika stuur om Hefsiba se 2009 begroting te laat klop!

Ons beurse vir 2009 beloop egter steeds net R17 000 vir ‘n volledige beurs per jaar, d.i. R1 420 per maand. Dit sluit dan alles in vir ‘n studente-egpaar – ook ‘n oorlewingsubsidie Die aandstudente se onkoste beloop R5 700 per jaar, d.i. R475 per maand. Ons verkies dat hulle self die helfte betaal dan werk dit uit op R237.50 per maand vir die donateur. HEFSIBA, met die hulp van ons aandstudente en ons donateurs in veral SA, sal die verliese van die oordrag dra. Verkies jy om hier jou gewig in te gooi?

NUWE TESOURIER

Ons nuwe tesourier is mnr Tarisai Munengiwa. Hy is gestuur deur die Reformed Church van Zimbabwe(RCZ) om ons te help met ons finansies sodat ds Miguel Nobre voltyds dosent kan word. Tydens ‘n besoek verlede jaar aan Masvingo in Zimbabwe was ons beïndruk met die professionele manier waarop die RCZ hulle geldsake hanteer ten spyte van die feit dat alle gemeentes verplig was om elke twee maande ‘n nuwe begroting aan hulle moes stuur weens die inflasiekoers! Ons het ook gedink dat ons die kerk in ‘n krisis op hierdie manier help deur een van hulle boekhouers te “leen”. Tarisai is getroud met Maybe Mutikani en hulle het ‘n dogtertjie met die naam Munotidaishe Munengiwa Die man het ‘n Nasionale Diploma in Boekhou en ken ons ingewikkelde Pastel boekhou-program.

Ons het hom 10 000 Mt (d.i. R 4 000) per maand in die geloof aangebied as salaris. Iemand wat gelei voel om ons te help met sy salariëring? Hy bly in HEFSIBA se opgegradeerde gastehuisie.

- NUWE DOSENT

Ds. Tomé Capese is ons nuwe dosent. Hy spring sommer weg met ‘n stywe program en gaan help met Ou Testament vir die Eerste- en Tweedejaars, Missiologie vir die Tweedejaars, Liturgie vir die Derdejaars en Hermeneutiek vir die Vierdejaars. Hy kom oorspronklik van Buzi se wêreld en is van die Ndau-stam wat tot ‘n klompie jare gelede nog beskou is as ‘n ongeëvangeliseerde

stam. Tomé is ‘n opgeleide onderwyser vir blindes en het jare in Beira juis dit gedoen. Hy het met sy teologiese opleiding begin in Recatla Bybelskool buite Maputo en het sy studies voltooi aan HEFSIBA – die eerste student om dit te kon doen. Daarna was hy vir jare die predikant in Buzi, is toe na Chimoio toe, die voordat hy hom by ons aangesluit het. Ons is bevoorreg om so ‘n oudstryder in ons midde te verwelkom wat al baie vir die Here gewerk het. Hy het veral ‘n baie geseënde bediening gehad het in Buzi waar daar baie klein gemeentetjies deur sy bemiddeling onder heidene geplant is. Bid asb vir ‘n baie geseënde bediening by ons.

Die gesin het hulle intrek geneem in ons sendelinge se gastehuis by die HEFSIBA-hoofgebou.

Die Sinodo Novo (Nuwe sinode) van die IRM (Igreja Reformada em Moçambique) onderneem om die helfte van sy salaris te betaal so ons soek nog R2000 per maand vir die broer se salaris. Enige hulp? Tree asb met ons in verbinding.

PREKE/LESINGS OOR SENDING

Ek was bevoorreg om verlede Sondag die Sendingsondag van die NG Kloofendal in Roodepoort te lei. Dit was vir my goed om bietjie navorsing te doen oor die tema: Transformasie en sending. Die volgende beginsels het my getref:

Newbegin het gesê:

- Die kerk is sending. Jy kan nie praat van die kerk sonder om te praat van sending nie en vice versa.
- Elke gemeente is in ‘n sendingsituasie
- Elke gemeente staan in ‘n sendingvennootskap met ‘n ander gemeente/kerk.

Braaten het gesê:

- Die kerk bestaan uit mense wat uit die wêreld geroep is en daarna teruggestuur is na die wêreld.

Power het gesê:

- Die kerk is God se pelgrimmense wat net twee dinge nodig het: Ondersteuning op die pad en ‘n eindpunt waarheen hulle op pad is

Dietrich Bonhoeffer het gesê:

- Die kerk is die kerk net as dit bestaan vir ander.

Sundermeier het gesê:

- Ons moet nie net <u>kerk vir ander</u> wees nie, maar ook <u>kerk met ander</u>

AKADEMIESE VERSLAG

Toe Antoinette eergister my vra wat moet sy aan haar vriende skryf oor hoe dit met my studies gaan, het ek geantwoord: Sê aan hulle daar is die afgelope dae ‘n meer dringendheid en gestruktureerdheid te bespeur by Kruger. Ek sien sy

het toe bygevoeg: Ek ken my man … hy werk net hard as hy onder druk is. Wel "the heat is on!" Dit voel vir my ek het nog bitter min gedoen, maar voor in die wapad brand daar 'n liggie! Dankie dat ons ook hiervoor voorbidding kan vra!

GESONDHEID VERSLAG

Ons is die Here baie dankbaar vir ons goeie gesondheid. Daar is by my vasgestel dat die kanker in my blaas nog nie weer begin het nie en die twee gewassies in Antoinette se borste het toe ook geblyk nie kwaadaardig te wees nie. Binnekort behoort al die pleisters sommer ook af te wees by Antoinette en dan is ons sommer weer reg vir groot dinge. Dankie vir julle gebede!

REVOLUSIE IN WÊRELD SENDING

Pas klaar gelees aan 'n boek van K.P. Yohannan van Indië: Revolution in World missions, waarin hy 'n ernstige pleidooi lewer dat die Weste eerder inheemse werkers moet ondersteun in sy land en in Asië as geheel, eerder as om sendelinge te stuur wat baie duur is en nie hond haaraf maak in die vreemde kultuur nie. Sendelinge moet net gaan na plekke waar daar nog geen inheemse christenleiers is nie, of waar hulle kan help met opleiding. Hy skryf: "If we are going to see a mass people movement to Christ, it will be done only through fielding many more thousands of native missionaries" Hy doen 'n beroep op christene om slegs $1 per dag daarvoor af te staan en op die manier stuur sy organisasie reeds duisende evangeliste uit. Ons kan dit nie beter sê nie – die effektiewe evangelisering van Mosambiek sal kom deur goed opgeleide Mosambiekers en daarvoor het ons fondse nodig.

OPROEP TOT SOLIDARITEIT MET ARMES

Ek sluit af met 'n aanhaling van David Bosch in sy boek Transforming Mission: "Die vreugde en hoop, die smart en die angs van mense van ons tyd, in die besonder van hulle wat arm of bedroef is… moet ook die vreugde en hoop, die smart en die angs van die volgelinge van Jesus wees" Laat dit so wees!

CRISTO ACIMA DE TUDO! CHRISTUS BO ALLES!

Kruger en Antoinette du Preez

BANKGEGEWENS;

Die Sendingkantoor van Oos-Transvaal se Bankgegewens vir HEFSIBA is soos volg:

Naam van Begunstigde: HEFSIBA
ABSA Lynnwoodrif Pretoria
Tak kode; 333-845
Rek nr. 14-2015-5464

Kontakpersoon: Corrie Swanepoel Tel. 012-8049543 en E.Pos: getuie@sinoos.co.za

Dui net duidelik aan op inbetalingsstrokie waarvoor jou bydrae is bv. Beursfonds/Tesourier/Capese

Laat ons ook weet of u ‘n voorkeur het vir ‘n Teologiese student of ‘n buitemuurse student.